

**Vrydag 6 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13-16**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:14**

## Om Christus in sy lyde te volg

In die brief aan die Tessalonisense skryf Paulus aan die gelowiges in Tessalonika om in die geloof te volhard. Paulus, Timoteus en Silas kon net drie weke daar werk voordat Joodse inwoners 'n oproer bewerk het en hulle die stad uitgejaag is (Hand. 17:1-14).

Terwyl Paulus in Atene wag, stuur hy vir Timoteus om hulle te bemoedig, te verneem of hulle steeds in die geloof vasstaan, en om hulle nog meer te onderrig (1 Tess. 3:5, 6). Die evangelie is aan hulle verkondig, en nou met die berig van Timoteus is hy dankbaar bly om van die gemeente se geloof en liefde te hoor (1 Tess. 1:3; 2:13). Deur die verkondiging van die Woord het hulle soos die ander gemeentes navolgers van die evangelie van Jesus Christus geword. Hulle het nie net dieselfde evangelie gehoor nie, maar die Jode se reaksie was dieselfde as wat die ander gemeentes beleef het. Hierdie gelowiges het ook lyding en vervolging deurgegaan.

Om Christus te volg, beteken nie dat ons net in moeilike situasies sal vra “Wat sou Jesus gedoen het?” nie. Om Hom te volg, beteken dat ons in ons lewe Hom in alles sal volg. Dat ons sal gaan waar Hy gaan, dat ons sal vertoef waar Hy vertoef. Dit beteken ook dat ons Hom in sy lyding sal volg. Ons Here Jesus het ons tog geleer dat die dienskneg nie meer as sy heer is nie, en die leerling nie meer as sy meester nie (Mark. 10:24). Daarom sal die gelowiges in hierdie lewe ook swaarkry wanneer hulle Christus navolg. Dit sal miskien nie altyd fisiese vervolging wees nie, dit kan ook geestelike vervolging wees. Wat ook al gebeur, moet ons bewus wees dat ons dit nie sal ontkom nie.

Tog kan ons seker wees van oorwinning, want daar kom 'n einde aan die lyding van hierdie bedeling. Al is ons soos slagskape in hierdie wêreld, kan ons weet ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons liefgehad het (Rom. 8:36-37). Hy het die dood oorwin sodat ons die lewe kan hê. Alhoewel lyding en swaarkry deel van ons aardse bestaan is, het Christus vir ons die weg gebaan tot die heerlijkheid van die ewige lewe by die Vader. Daarom versink ons nie in moedeloosheid nie, maar sien ons uit met hoop en afwagting na die koms van die Oorwinnaar-Koning.

*Sing: Psalm 34-1:1, 3*

*Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)*